

Dinsdag 23 November

Skrifgedeelte: Jesaja 53:1-12

Fokusgedeelte: Jesaja 53:4, 5

Ons krankhede op Hom geneem en ons smarte gedra

Hier in die laaste van die vier sogenaamde knegliedere word profeties na Jesus Christus verwys as die lydende Knecht van die Here. In Hom is hierdie profesie vervul. Die intensiteit en diepte van sy lyding ter wille van ons word so beskryf: Hy het ons krankhede op Hom geneem, ons smarte gedra. Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel. Ons straf het Hy gedra. Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. In ons plek het Hy gaan staan, die lydenslas van ons skouers afgeneem en op Hom gelaai. Die doodstraf wat ons verdien, is aan Hom voltrek. Op die wreedaardigste manier is Hy doodgemartel. So het Christus borgtogtelik (in ons plek) ons skuld voor God gedra. Hy het onder die vloek en straf van God ingegaan ter wille van ons. Daardie vloek en straf het Hy uitgedra, om ons daarvan te bevry. En daarom het dit vir ons so heeltemal anders geword, ook in ons siekte en lyding. Want Christus het ons siektes en lyding wat ons wettiglik verdien het vanweë ons sondes, op Hom geneem en gedra. Daarom mag ons weet: omdat Hy ook daardie straf gely en betaal het, sal God se kind vir ewig bevry wees van liggaamslyde. Ja, in hierdie lewe moet ons dikwels nog baie ly, maar daar het in ons lyding 'n groot verandering gekom. Juis omdat Christus met sy lyding die angel en die vloek daaruit weggeneem het, vir ewig! Die lyding wat ons wel ondergaan is nie die staf van God wat ons verdien nie. Ons lyding is nou sonder vloek, lyding wat losgemaak is van die verdoemenis en vasgebind is aan Jesus Christus. Ons loop die lydensweg nooit alleen nie, Christus loop saam met ons. Deur die geloof sal ons Hom ontmoet in ons lyding. Hy wat sy lydensbeker leeg gedrink het – vir ons.

Sing: Skrifberyming 5-4: 2, 3, 4

Ds. DJA Booyens (Danie) (Koster)